# Inventory of the private collection of

# AA Moolman

# PV650


Contact us

**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Telephone:**
+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**
arca@ufs.ac.za

KATALOGUS: VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN MNR. A.A. MOOLMAN

1. TOEGANKLIKHEID

Onvoorwaardelik

2. CURRICULUM VITAE

Andries Abraham Moolman is op 6 November 1907 in Fouriesburg gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding op Fouriesburg, waarna hy aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege studeer en die Onderwysdiploma, met Liggaamlike Opvoeding as spesialiseringsvak, verwerf. Terselfdertyd studeer hy ook aan die UOVS, waar hy in 1940 die BA-graad verwerf, met Staatsleer en Afrikaans en Nederlands as hoofvakke.

Vir die tydperk 1935-1941 gee mnr. Moolman onderwys, waarna hy in 1941 aangestel word as sportredakteur van Die Vrystater, die amptelike orgaan van die Verenigde Party in die O.V.S. Vir die tydperk 1942-1948 is hy dan ook redakteur van genoemde koerant. Na die neerlaag van die Verenigde Party in die 1948 verkiesing, loop die koerant dood. Hierna word hy redakteur van Ons Vriend, 'n nuwe bylae by The Friend. As gevolg van 'n gebrek aan belangstelling deur adverteerders, word die koerant ook later gestaak. Hierna word hy aangestel as skakelbeampte en daarna personeelbestuurder by die destydse Fichardts, 'n plaaslike firma in Bloemfontein. In 1968 tree mnr. Moolman af weens swak gesondheid.

Mnr. Moolman se groot belangstelling was sport. Afgesien van sy belangstelling in atletiek en rugby, was sy groot liefde tennis. Hy dien vir 20 jaar op die Bloemfonteinse Tennisbond se keurkomitee en word ook benoem as lewenslange Erelid van die Bond.

Hy is getroud met Martha Vera Stella Louw en uit die huwelik is 'n seun en 'n dogter gebore.

3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1 Die dokumente

Die dokumente is gedurende Augustus 1982 deur mnr. Moolman aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk.

3.2 Ordening

Weens die klein omvang en aard van die stukke, is slegs 'n katalogus daarvan opgestel.

3.3 Omvang en fisiese toestand

Die dokumente beslaan 0,15 m. rakspasie en is in 'n goeie toestand.

KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN MNR. A.A. MOOLMAN

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| - | Ons Vriend, 1950, Okt. - 1951, Jun. | Koerantreeks |
| - | Die Vrystater[1], 1942, Mei 26-1943,Mei 25 | Koerantreeks |
| - | do., 1943, Jun. 1-1944, Mei 30 | Koerantreeks |
| - | do., 1944, Jun. 6-1945, Mei 29 | Koerantreeks |

1. Amptelike orgaan van die Verenigde Party in die O.V.S.